



eduresourceza.com



PROEFEKSAMEN 11 SEPTEMBER 2023
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL – VRAESTEL 2
GRAAD 12

EKSAMINATOR:	ERWEE	PUNTE:	100
MODERATOR:	BELLUIGI	TYD:	2.5 UUR

NAAM & REGISTERKLAS:

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.
Afdeling A: LETTERKUNDE (70 punte).
Afdeling B: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK (30 punte).
3. Beantwoord ALBEI afdelings.
4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf. (Waar nodig)
5. Begin elke vraag op 'n nuwe foliobladsy.
6. Nommer jou antwoorde soos op die vraestel.
7. Alle antwoorde moet in AFRIKAANS beantwoord word.

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

- Beantwoord **AL VIER** vrae in hierdie afdeling.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy neer.
- Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die aantal punte bepaal die aantal feite wat verwag word.
- Skryf die getal woorde aan die einde van die paragraaf in Vraag 2 en die opstel in Vraag 4 neer.

[Google Images]



VRAAG 1

Lees die uittreksel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Geen Shengen-visums beteken **ons** kan nie saam met Xander Italië toe nie.

“Is **julle** passpoorte reg?” vra ek vir Xander

“Moenie oor ons worry nie. Kom ons gaan kyk wat ons vir julle kan doen.

Bl. 197

- 1.1 Wie is die **ons** na wie daar in die eerste sin verwys word? (2)
- 1.2 Wie is die **julle** na wie daar in die tweede sin verwys word? (2)
- 1.3 Watter **onmoontlike** opsie noem 'n plaaslike **reisagent**? (2)
- 1.4 Wat was die besluit toe oor hoe om die korrekte dokumente **maklik en vinnig** te verkry?(2)
- 1.5 Sou jy hierdie besluit as **wettig** / **onwettig** beskryf? Kies die korrekte woord. (1)
- 1.6 Hoekom is die reis na **Italië** nou nodig? (1)

- 1.7 Pas die feite in kolom B by die karakter in kolom A. Skryf slegs die **vraagnommer** en die **letter** neer.

Kolom A	Kolom B
1.7.1 Die Baker	A. Wil weet of Greg nie 'n spesiale boek uit sy reissaksak vermis nie.
1.7.2 Ayla	B. Lisa se kêrel.
1.7.3 Plank	C. Ryk uit Bitcoins.
1.7.4 Xander Gericke	D. Hou joernaliste fyn dop.
1.7.5 Die Turkse regering	E. Was ook betrokke by Project Coast

(5)

[15]

Lees die uittreksel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Buite verblind die son my 'n oomblik. Toeriste stroom verby om my na die Hagia Sophia en Blou Moskee verder weg. Rooi-en-wit trems glip straat af, vol mense.

“Het jy hom gekry?” vra Plank.

Mismoedigheid is seker duidelik in my houding. “Jy sal nie glo wat gebeur het nie.”

Bl. 138

- 2.1 Binne in die **Versonke Paleis** was daar beelde van **Medusa**. Verskaf enige **twee feite** wat verdere inligting oor die **herkoms** / **voorkoms** / **betekenis** van die figuur kan gee. (2)
- 2.2 Verduidelik **presies** wat gebeur het en **hoekom** Greg na sy ontmoeting met Xander so mismoedig was. (2)
- 2.3 Die volgende oggend tydens ontbyt by hulle hotel, daag Xander by Greg en Plank op. Hy het duidelik sy besluit van die vorige dag **heroorweeg**. Verduidelik die **omstandighede** wat tot hierdie veranderdering gelei het, asook Xander se **waarskuwing** aan Greg. (2)
- 2.4 Is Ayla **intelligent**? Antwoord **Ja** / **nee** en **bewys** jou antwoord. (2)

Ingedagte gaan ek aan met die skottelgoed. Ayla droog af.

“Hoe het jy en Xander ontmoet?”

Bl.184

- 2.5 Lees die aanhaling bo. Skryf 'n kort **paragrafie** van **90 – 120** woorde, waarin jy die volgende **riglyne** bespreek: (dui die **woordtelling** aan)

- Tydens watter **geleentheid** Ayla en **Xander** die **eerste** keer ontmoet het. (1)
- Watter **rolle** sy daarna in **Xander** se lewe gespeel het. (2)
- Ayla se ouers se **beroep** en hoe dit haar **as kind** affekteer het. (2)
- In watter **wêreldstad** hierdie gesprek plaasvind. (1)
- **Greg** se gevoel van **jaloesie** tydens hierdie gesprek. (1)

[15]

Opdrag

Voltooi die telefoongesprek tussen Greg en sy ma (Rina) deur slegs **Greg se respons** langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer te skryf. Hou by die inhoud van die **voorgeskrewe teks** wanneer jy hierdie vraag beantwoord. Die puntetoekenning is 'n aanduiding van die **aantal feite** verlang.

Die spoggerige huis is nogal iets om te beleef. Net die beste meublement; skilderye waar jy kyk. 'n Asemrowende uitsig oor die Atlantiese Oseaan. Duur drank. Duur sigare. En 'n hele spul mense.

Bl.71

- 3.1 Rina: Seun, het jy toe die Lawsons se spogpartytjie bygewoon soos ek gevra het?
Greg: ... (1)
- 3.2 Rina: Dan het jy heelwaarskynlik sy **vrou** ook ontmoet. En wat is jou **opinie** oor haar?
Greg: ... (2)
- 3.3 Rina: Het jy darem deur die loop van die aand 'n **interessante** persoon ontmoet met wie jy **lekker** kon gesels? Indien wel, **wie** en **wat dink** jy doen hy vir 'n lewe?
Greg: ... (2)
- 3.4 Rina: Ek is bly dat jy nie te verveeld was nie. Wat het hierdie ou jou van sy **kinderlewe** vertel?
Greg: ... (2)
- 3.5 Ma, Thomas Lawson het my daarna na sy studeerkamer ontbied. Hy het my keuse van studierigting gekritiseer en ek het bedreig gevoel.
Rina: Ai, jammer Seun. Wat het hy van **jou** gesê? Wat was die **kritiek**?
Greg: ... (2)
- 3.6 Rina: Sjoel! Wat het jy daarop **geantwoord**?
Greg: ... (2)
- 3.7 Rina: Het jy toe voor jy die partytjie verlaat het weer van **Sebastian** gehoor?
Greg: Ja Ma. Hy het my by die motor kom groet net voor ek vertrek het.
Rina: En? Wat het hy **gesê**?
Greg: ... (2)

3.8 Rina: Dit is eienaardig! Greg, waar het jy laas vir Xander gesien?

Greg: ...

(1)

3.9 Rina: Kan jy nog onthou wat jou pa se antwoord was toe jy jou pa gevra het of hy vir die regter se verdwynig verantwoordelik was?

Greg: Ja Ma. Hy het gesê dat hy onskuldig was.

Rina: Wie was volgens jou pa die **skuldige** mens?

Greg: ...

(1)

[15]

Opdrag:

Skryf 'n **opstel** van **250 – 400 woorde** oor Greg se **aanvanklike** soeke na die ware identiteit van die **Baker** kort **na** die nuwe student se aankoms by die **Universiteit van Stellenbosch**.

- Jou opstel moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie lank wees nie.
- Die **punte** tussen hakies dui aan hoeveel **feite** telkens verwag word.
- Gebruik die **kolpunte** hieronder vir jou **paragraafindeling**.
- Skryf die **getal woorde aan die einde van jou opstel neer**.

1 Inleiding**2 Hulp soek.**

- Wie was volgens Greg die **enigste persoon** wat hom op **daardie** stadium in sy soektog na die waarheid kon help? (1)
- Wat was die **betekenis** / **vertaling** van die **palindroom** wat Greg se eertydse vriend aan hom gestuur het **voordat** hy bereid was om hom enigsins te help? (1)
- Wat was Greg se **reaksie** / **antwoord** op die **palindroom-boodskap**? (2)
- Na twee weke sonder enige reaksie / antwoord op Greg se **bekentenis-boodskap** aan sy eertydse vriend, het Greg onverwags 'n **skim uit die verlede** raakgeloop. Wat was die ou se **naam** glo destyds en wat was sy **rol** / **werk** by Lawson College? (2)
- Wat was die **boodskap** wat hierdie ou van sy ou skoolmaat in die **NG-kerk** aan Greg afgelewer het? (1)

[7]**3 Doodloopstraat, maar vriende probeer help.**

- Drie **vriendelike** siele kom onverwags by Greg se woonstel aan en verskaf verligting en afleiding aan Greg tydens hierdie stresvolle tydperk. **Wie** was hulle? (3)
- **Die meisiekind** wat ook in sy woonstelblok bly, soek 'n guns – **wat** wil sy vir haar kursus van Greg hê en **hoekom**? (2)
- Hy vertel aan die vriende dat hy die **Baker** probeer opspoor. Wat is sy **rede** vir die soektog, soos aan die **vriende** vertel? (2)
- Die volgende oggend op pad klas toe, dink hy skielik en onverwags aan **Nicole**. **Wat**, volgens Greg, sou **sy** baie graag op daardie stadium van haar lewe, gegewe haar omstandighede eerder, **wou hê**? (1)

[8]

4 Skok op skok!

- Die volgende oggend stap Greg oor die **houtbrug** op pad klas toe. Watter **skokkende beeld** sien hy? Noem ten minste **2 feite**. (2)
- Daar is na die skokkende gebeure 'n **gasdosent** in Greg se eerste lesing d e oggend. Wat is die **onderwerp** van die eerste lesing op hierdie spesifieke oggend? (1)
- Watter **aaklige** verdere inligting deel **Dain**, na die klas met Greg aangaande die grusame oggend se gebeure by die brug? (1)
- Wat is **Dain** se **verklaring** oor wat die moontlike **rede** vir die grusame feit in die vorige punt is? (1)

[5]**5. Slot****Feite:** **[20]****Taal en struktuur:** **[5]****[25]****TOTAAL AFDELING A: 70**

INSTRUKSIES

1. Beantwoord albei vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
3. Dit is 'n goeie idee om jou antwoord te **beplan voordat jy die finale weergawe neerskryf**.
4. Doen die beplanning op die **linkerkantste bladsy** van die boek.
5. Skryf die opskrif **BEPLANNING**.
6. Skryf jou finale antwoord op die **regterkantste bladsy** van die boek.
7. Skryf die **vraagnommer** bo-aan die bladsy.
8. **Skryf die getal woorde aan die einde van die vraag neer.**

VOORBEELD

BEPLANNING (Opsioneel) (Linkerkantste bladsy van jou boek.)   Moenie te veel tyd aan jou beplanning bestee nie!	VRAAG 5 (Regterkantste bladsy van jou boek.) 

Belangrike inligting:

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak.
- interpretasie van die opdrag.
- inhoud en idees.
- register en toon.
- taalgebruik.

VRAAG 5 LANG SKRYFSTUK DAGBOEKINSKRYWING

Opdrag:

Skryf jou **dagboekinskrywing (150-220 woorde)** en verwys na die volgende: **(Beplanning is opsioneel. Dui jou woordtelling aan.)**

- Jy word skielik getref deur die gedagte dat jou en jou jare-lange vriend / vriendin se **paadjies gaan skei** as die skooljaar binnekort eindig. Skryf jou **gevoelens** oor die saak en gee **redes** waarom jy so voel.
- Verwys na van die **goeie dinge** wat julle **saam** gedoen het.
- Verwys ook na ten minste **een** geleentheid toe daar 'n probleem tussen julle was
- Bespreek jou hoop oor die **toekoms** van hierdie vriendskap uit.

[20]

Dinsdag 11 September 2023

Liewe Dagboek

...

Lekker slaap.

Naam / afsuiging.

Google Images



VRAAG 6 KORT TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK

Jy het besluit dat jy 'n blaaskans nodig het, aangesien jy nou al weke lank met die proefeksamens besig is. Die eksamens sal binnekort iets van die verlede wees en jy kan nie wag nie! Jy beplan 'n **partytjie**. Skryf nou 'n **What'sApp-boodskap** aan al jou naaste vriende. Verskaf die volgende inligting:

- Wat **presies** is dit wat jy **beplan**?
- Wat is die **rede** vir hierdie **viering**?
- Watter **tyd, plek** en **datum**?
- Enige verdere informasie.
- Jou boodskap moet **60 – 100** woorde lank wees. Dui die **woordtelling** aan.

[10]

TOTAAL AFDELING B : 30

GROOTTOTAAL : 100